NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 14

16 Mei 2019

Die hede teenoor die toekoms beteken onsekerheid

Wat hou die toekoms in vir elkeen van ons? Niemand weet nie. Ons kan beplan en spekuleer, maar dat alles presies so gaan gebeur, kan ons nie met sekerheid sê nie.

Net so is die toekoms van die Algemene Diakensvergadering (ADV) onseker. Niemand weet hoe die pad vorentoe lyk nie. Wat wel 'n gegewe is, is dat die diakonaat gaan voortbestaan in die Kerk. Barmhartigheid is deel van ons daaglikse lewe. Dit hang egter af van hoe ons toelaat dat die Heilige Gees ons lei en ontvanklik maak vir ander mense se omstandighede.

Ons het onlangs Paasfees gevier. In Jesus se lydenstyd was daar groot onsekerheid oor wat sou gebeur. Jesus het nooit getwyfel oor wat in die toekoms sou gebeur nie. Hy het geweet, en Hy het gebid dat God die beker by Hom moet laat verbygaan, maar tog dat God se wil moet geskied. Jesus het nie getwyfel in God die Vader nie.

So moet ons ook glo. God weet wat die toekoms inhou vir elkeen van ons, en ook vir die diakonaat van die NHKA. Ons moet toelaat dat God se wil geskied. Die onus rus dan op die Kerk en spesifiek die diakens om die saak te bestuur sodat ons die lig in ander se lewens kan wees. Wanneer dit donker word om ons, moet ons bly glo dat God met ons is. Alles kan nie altyd volgens ons wil gebeur nie. Glo en vertrou op die Here.

Dikwels sien ons mense wat swaarkry en hulp soek. Soms hou ons verby en vermy die persoon se hulpkrete, want hy is in jou pad en jy gaan laat wees vir jou bestemming indien jy nou stop en help. Ons glo maklik dat as ons geld aan hom gee, gaan hy drank of dwelms koop. Nie almal kan oor dieselfde kam geskeer word nie. Soms streel ons ons gewete deur 'n paar rand te gee.

As gelowiges moet ons waarlik uitreik en help, en iets aan die persoon se omstandighede verander. Daar moet geen onderskeid getref word tussen die behoeftiges en onsself nie. Berei jy vir hulle pap en oorskietvleis voor, terwyl jy vir jouself 'n koningsmaal voorberei waar daar genoeg kos oorbly sodat die honde nog twee dae daarvan kan eet?

Die diaken moet sy of haar moue oprol en werk tussen die mense wat nood het. Nood kan verskillende vorms aanneem: armoede, trauma, lewensveranderende siektes, afhanklikheid... Barmhartigheid sal altyd deel vorm van ons Kerk en van elke gemeente. Ons as Kerk moet diensbaar staan teenoor God se skepping.

Ons is op die vooraand van die 72ste Algemene Kerkvergadering en daar is onsekerheid. Wat gaan gebeur met die Kerk? Is daar nog plek vir diakens? Waar staan die NHSV? Is daar nog plek vir elkeen van ons?

Ek meen dat ons moet glo en vertrou op die Here, dan kan enige besluite maar geneem word. God se wil sal geskied, en ons moenie in wantroue staan teenoor vernuwing in die Kerk nie. Ons bely tog dat Jesus Christus ons Verlosser is, daarom moet ons so lewe dat almal elke dag kan sien Jesus leef in ons. Ons is die lig wat uitstraal in hierdie duisternis. In Jeremia 25: 14 lees ons dat God ons sal vergeld ooreenkomstig ons dade en die werke van ons hande.

Al lyk die toekoms hoe donker, God sal met ons wees. Ons moenie twyfel oor die toekoms van die diakonaat of ons Kerk nie. Ons moet ons hulp kry vanaf die Here wat hemel en aarde geskape het. Vir Hom is niks onmoontlik nie.

Diak Mac van Zyl, Voorsitter ADV

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

Ds Hannes en sy vader, mnr Hans Janse van Rensburg

- **Mnr Hans Janse van Rensburg**, vader van ds Hannes Janse van Rensburg van Zuurfontein en voorheen lid van die Kommissie van die ADV, is verlede week oorlede na ’n lang stryd teen kanker. Hy was veral bekend vir sy werk by Doulos Armoedebediening. Sy afsterwe laat ’n groot leemte in sy familie, sowel as in die Kerk en by talle hulpbehoewendes wat hy oor die jare ondersteun het. Ons innige medelye gaan aan die familie. Die herinneringsdiens vind plaas op **Donderdag 16 Mei om 11:00 vanuit Gemeente Zuurfontein**.

- Op Donderdag 2 Mei, teen skemer, het ’n vorige werknemer in die huis ingeglip terwyl **ds Willem Kok se vader** gou uit was om die skaapkraal te sluit. Die man het mnr Kok se vrou, Annatjie, betrap waar sy besig was met kosvoorbereiding en haar gewelddadig aangerand. Met mnr Kok se terugkoms het hy haar bebloed in die kombuis aangetref. Sy is gehospitaliseer en na verskeie operasies is sy verlede Donderdag ontslaan. Sy sterk tans by haar kinders aan. Annatjie is ’n tannie van ds Henk Calitz.

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

o	Donderdag 16 Mei:	Di EM (Liza) Jansen (Witbank-Suid) en AC (André) Swanepoel (Derde Kruis)
o	Saterdag 18 Mei:	Di MS (Marissa) Kidson (Pretoria-Wes) en CJ (Stoffel) Smit (emeritus)
o	Sondag 19 Mei:	Di TL (Theuns) Botha (emeritus) en HP (Ronel) Coertzen (Makarios)
o	Maandag 20 Mei:	Dr PJ (Piet) van Zyl (Ermelo), di HJ (Hendrik) Odendaal (Rietvallei) en T (Theuns) Snyman (emeritus)
o	Donderdag 23 Mei:	Ds CJ (Johann) de Bruin (siekte-emeritaat/SPE-museum)
o	Vrydag 24 Mei:	Dr RJ (Robert) Jones (Barberton)

Gemeentes en bediening

- **Mev Sarie Roux** van die **Boekwinkel by Derdepoort** sal **van 17 tot 28 Mei met verlof** wees en die Boekwinkel sal dan nie toeganklik wees vir besoekers nie. Bestellings wat vooraf geplaas is, sal wel afgehaal kan word. Plaas sodanige bestellings by mev Roux, by 012 322 8885 x3025 / **sentik@nhk.co.za**.

Ds Tertius Hindley

- **Ds WRT (Tertius) Hindley** (emeritus) het ’n beroep ontvang na Newcastle (benoeming). Hy het die beroep aanvaar.

- **Gemeente Roossenekal** se **eeufeesviering** (stigtingsdatum 3 Mei 1919) vind plaas op **Sondag 19 Mei om 09:00** met ’n erediens en Nagmaal. Kontak dr Elritia le Roux by 072 235 6904 vir meer inligting.

- **Gemeente Turffontein** (stigtingsdatum 15 Mei 1929) vier op **Sondag 19 Mei om 11:00 vir 11:30** hul **90ste bestaansjaar**. Alle belangstellendes, oudlidmate en vriende word hartlik uitgenooi na die gedenkdiens gelei deur ds Kotie Mc Donald. Daarna sal geleentheid gegee word vir gelukwense en feesvierings. Navrae kan gerig word aan mev Marleen Budler by 082 463 7118 of **nhkturffontein.tegniesespan@gmail.com**.

- **Gemeente Silverton** (stigtingsdatum 20 Mei 1939) vier hul **80ste verjaardag** op **Sondag 19 Mei om 09:00** met Nagmaal en ’n gemeentebraai (12:00). Alle oudlidmate en predikante is welkom om die verrigtinge by te woon. Navrae kan gerig word aan oudl Hannie Knol by **dinandknol@gmail.com** of 079 603 6555, of ds Henk Labuschagne by **henklabuschagne.nhka@gmail.com** of 082 375 4321.

- **Gemeente Greylingstad** (stigtingsdatum 27 Mei 1944) vier op **Sondag 26 Mei om 11:00** hul **75ste verjaardag** met ’n feesdiens en ete. Vorige predikante en lidmate van die gemeente word vriendelik uitgenooi. Navrae aan ds Fanie Naudé by 083 391 3151 of **naude.fanie@gmail.com.**

- **Ds Johann de Bruin** van die SP Engelbrecht-museum (ons Kerkmuseum) wil graag kontak maak met gemeentes of lidmate wat hul eie klein gemeentemuseum, museumuitstalling of net museumkas het, selfs al is dit net besonderse of waardevolle historiese voorwerpe in die kerkgebou en saal. Laat hoor asseblief van julle. Stuur gerus foto's en vertellings. Ons is ook op soek na 'n outydse doodskleed. Kontak ds De Bruin by **cjdb@telkomsa.net** of 082 733 3951 op WhatsApp.

Vergaderings

- Donderdag 16 Mei: ADV Finkom
- Vrydag 17 Mei: Moderamen
- Donderdag 23 Mei: Pensioenvergaderings
  Redaksie van *Die Hervormer*
  ADV Dagbestuur
- Vrydag 24 Mei: Raad van Finansies
  Rata Bestuur

'n Gedig

Springfontein-konsentrasiekamp

11 Februarie 1901
Sy gee nie meer brak water van troos aan die ylende kind nie.
Sy gee hom af aan die koorsige aarde.

Oor sy ongemerkte graf sien sy van ver
die kleinrooivalkies swiep
as dié bloedige dag
soos 'n asem (Chrisjan, Chrisjan)
in haar vergaan.

12 Julie 2001
Pyn se buitekant is bloot skrif, asem.
Selfs die innigste woord verweer, verwasem.
In grond brokkel herinneringe been.

Thérèse Bartman
(Uit: *Nuwe stemme 3*, 2005)

Toerusting

- **Konferensie: Sinode van Dordrecht 1618-1619**
  Woensdag 29 Mei 08:30-16:00
  NGK Berg-en-Dal, Bloemfontein
  Verskeie teoloë belig die vertolking van Dordt deur vier eeue
  Vra na die aktualiteit daarvan in 'n nuwe konteks
  R100 per persoon (materiaal, verversings en middagete ingesluit)
  Registreer by **admin@bergendalkerk.co.za voor Woensdag 22 Mei**
  Navrae: 051 436 2750 / 082 784 9362

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
  Premierkursus oor brugbediening
  Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
  Week 2: 4-7 November
  Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
  Koste R2 200 (BTW ingesluit)
  Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
  Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-woonregeenheid** in Huis Frans Boshoff teen R347 080 en **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R5 520 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen die verminderde bedrag van **R50 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

- In die **Somer-uitgawe** van die **NHSV se *Vroueflitse*** word die reeks oor **ondersteuning aan ons predikantsvroue** afgesluit met die vyfde artikel, *Wat kies jy vir jou en julle reis?* Die NHSV bedank ds Johan Bezuidenhout, lid van die Welstandskomitee van die NHKA, vir dié reeks artikels. Sy gesprekke met predikantspare oor jare in die Kerk en die bediening het tot goeie insigte gelei. Lees ook die artikel *Waardevolle wenke wanneer die* Wanderlust *jou laat wikkel na wie weet waar...* by **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Krugersdorp: Gholfdag**
  Donderdag 6 Junie by Krugersdorp Gholfbaan
  R1 600 per vierbal (sluit baanfooi en halfwegete in)
  R2 500 om 'n putjie te borg
  Inskrywings en navrae: Ds Quinten Schimper
  076 687 7410 / **quinten.schimper@gmail.com**

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
  Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
  Borg 'n putjie teen R2 500
  R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  R5 000 vir 'n 4-bal plus putjieborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
  www.driveforachild.co.za

Basaars en markte

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
  Saterdag 25 Mei vanaf 09:00
  By Fakkelskool in Sasolburg (Jan Smutsstraat)
  Heerlike pretdag vir gesinne
  Kom snuffel deur die stalletjies
  Kom skiet windbuks (windbukse beskikbaar)
  Heerlike etes
  Veteraanmotors en nuwe motoruitstallings
  Navrae aan ds Lisa-Mari Swanepoel
  lisamari.swanepoel@gmail.com

- **Gemeente Lichtenburg: *Local is lekker* Oesfees**
  Saterdag 25 Mei
  Gratis toegang
  Gaskunstenaar Juanita du Plessis
  Kinders: Tombola, skyfskiet, reuseglybaan en klimmuur
  Veiling met pragstukke: Skilderye, Marico-mampoer, binnebraaier
  Foto's met oorspronklike handtekeninge van Bloubul-legendes
  Tambotiehout-koffietafel spesiaal vir die Oesfees gemaak
  Spesiale *Local is Lekker Oesfees* versamelaarswyn
  Tradisionele stalletjies met pap-en-kaiings, spesialeresep-lewerkoekies
  Plaasstalletjie met handwerk, ensovoorts
  Kwaliteit bees-, skaap- en varkvleis teen billike pryse
  Meer as 100 groot koeke en meer as 1 000 pakkies klein koekies
  Kompetisie: 1ste prys R20 000; 2de prys 'n week in Margate vir 5 persone

Nog groot pryse
Kaartjies beskikbaar @ R20
Kaartfasiliteite beskikbaar
Navrae aan Dave Oosthuizen 083 311 2962
Willie Manders 018 632 4830 / **williemanders@arestan.co.za**
Ds Gerrie Senekal 082 576 1141 / 018 632 2658 / **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Gemeente Drie Riviere: Basaar**
  Saterdag 25 Mei vanaf 09:00
  By die kerkperseel, hv Bashee- en Wilgestraat, Drie Riviere
  Vars vleis en smullekker verversings te kies en te keur
  Heelwat vermaak vir kinders
  Toegang is gratis
  Navrae aan ds Hennie Louw by 084 508 7849

- **Gemeente Newcastle:Winskopiebasaar**
  Vrydag 31 Mei 13:00 tot laat
  By kerksaal, hv Eaton- en Amielweg, Amielpark
  Kerrie-en-rys, pap-en-sosaties, pannekoek, nagereg en baie meer
  Navrae: Piet Bothma 082 444 7257 / Daleen Honeyball 084 578 1556

- **Gemeente Groot Marico: Safarikarnaval**
  Saterdag 1 Junie
  R100 per kaartjie
  Wen groot pryse
  1ste prys: Linhai Rustler 300
  2de prys: Naweek vir 4 by Groot Marico Lodge
  Kontak Martie Erasmus 082 774 5707
  Ds Stephan Botha 083 743 0507

- **Gemeente Delmas: Voetspoorfees**
  Saterdag 1 Junie 09:00-14:00
  Kom geniet vleisspore, pretspore, smulspore en vermaakspore
  Met “Die Ventertjies” (gratis vertonings)
  Navrae: Heleen Bekker 013 665 2679 / **delmas@nhk.co.za**

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

God van genade, in die druk verkeer,
die gedrang by die inkopiesentrum,
in die gestamp en gestoot in die skoolgange,
wonder ek baiekeer of U, of enigiemand anders,
my werklik ken.
In die eensaamheid van my blyplek,
in die afsondering van my voortsnellende motor,
in die isolasie van my hospitaalbed,
wonder ek baiekeer of U, of enigiemand,
my nog onthou.
Wil U my daarom opnuut daaraan herinner, o Here,
dat U die hele wye wêreld in u hande hou,
maar ook vir my en elke ander mens in die massa
by ons naam en ons behoeftes ken.
En dat niemand ooit heeltemal alleen of verlate
hoef te voel nie.
O Here, dit vul my met nuwe moed en sekerheid vir die toekoms.
Gebruik my vandag om namens U na ’n ander mens te draai,
en om in ’n wêreld wat so koud en onpersoonlik kan wees,
iets van u warmte te wys.

David M Currie
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk